

SLUIT AAN BY ONS VIRTUELE BESPREKING OP MANDELADAG

TEMA:

PERSONEELWELSTAND TYDENS COVID-19 EN DAARNA

Soos die aantal COVID-19 infeksies en sterftes in Suid-Afrika toeneem en burgers grendelyd moet hanteer, ervaar Suid-Afrikaners toenemende stres. Vir baie personelede beteken ons nuwe normaal dat aanlyn gewerk word terwyl ons ons kinders tuis onderrig, kindersorg verskaf aan klein kinders en bejaarde familieledede versorg - dit alles terwyl ons ander aspekte van die huishouding aan die gang moet hou. Sosiale distansiëring het gelei tot isolasie vir vele, met ondersteuningsmeganismes verskaf deur familie en vriende wat wegval.

Binne en buite ons huise neem ons geslagsgebaseerde geweld waar, sowel as 'n wêreldwye ekonomiese afswaai wat gelei het tot werkverliese, insidente van skending van menseregte en polisiewreedheid in ons gemeenskappe, en voortgesette strukturele rassisme in alle sferes van die gemeenskap.

Hierdie Mandeladag nooi ons u uit om te stop vir 67 minute en virtueel terug te gee deur deel te neem aan 'n aanlyn-paneelbespreking aangebied deur Matie Gemeenskapsdiens (gebaseer in die Afdeling vir Sosiale Impak) wat kenners betrek wat fokus op fisiese en geestesgesondheid. Jy kan saam gesels met paneellede en kollegas terwyl ons praktiese metodes bespreek om ons fisiese en geestesgesondheid te prioritiseer, en advies deel, asook ons ondervindings van die lewe tydens 'n pandemie.

VRAE WAT DIE PANEELLEDE SAL AANSPREK IS:

Wat leer COVID-19 ons?

Hoe hanteer ons hierdie nuwe wyses van werk en leef?

Hoe ondersteun die Universiteit Stellenbosch as 'n instelling die welstand van sy personeel, en meer belangrik, hoe kan ons as 'n instelling Mandela se erfenis eer tydens hierdie wêreldwye krisis en daarna?

DATUM: 17 JULIE 2020

TYD: 12:30 - 13:37

[Lees meer oor ons aktiwiteite tydens Mandela-maand en ons program vir 17 Julie 2020](#)

[KLIK HIER OM TE RSVP](#)



DR GILLIAN ARENDSE

PANEELVOORSITTER



DR LYNNE DAMONS

SELKUNDIGE & LEKTOR
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



ME SHIBU MAMABOLO

HOOF: WERKNEMER WELWEES
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



PROF SORAYA SEEDAT

UITGELESE PROFESSOR VAN
PSIGIATRIE & UITVOERENDE HOOF
VAN DIE DEPARTEMENT PSIGIATRIE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



1918 · 2018